

3 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13

Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:11

Nie die uiterlike nie, maar die innerlike

Een vir een van sewe het die seuns van Isai “aangetree” toe Samuel die opvolger van koning Saul moes aanwys. Maar die jongste, Dawid, was nie een van die parade nie. Hy pas skape op ((1 Sam 16:11). Toe word hy van die veld geroep en die Here sê vir Samuel: “Salf hom, want dis hy” (vs 12).

Die fokuspunt vir die keuse van 'n koning vir Israel is die gesin van Isai, nasaat van drie nie-Israelitiese stammoeders – Tamar (Gen 38), Ragab ((Jos 2) en Rut (Rut 1-4) – elkeen met 'n bedenklike reputasie. Uit hierdie omstrede voorgeslag sal die opvolger-koning van Saul aangewys word. Uit die foto-album van die familie blyk duidelik dat wanneer die Here iemand vir sy werk roep, kyk Hy nie na afkoms of ander menslike standarde nie.

Nie een van die sewe seuns van Isai wat op die oog af belowend gelyk het was die keuse om as koning gesalf te word nie. Die outjie wat so gering geag is dat hy nie eens op die groslys of kortlys as koning-kandidaat na die offermaal tyd genooi is nie, is God se keuse.

God is in staat om 'n nederige – en volgens menslike standarde onaanvaarbare – tot uitnemende werktuig te vorm. Geen mens is onbekwaam vir dienswerk in God se koninkryk nie. Op bepaalde tye kies God bepaalde mense om in sy diens te arbei. Die “onbenullige” skaapwagter, Dawid, of 'n visserman (Matt 4:18-19) of 'n tollenaar (Matt 9:9) getuig daarvan.

Sing: Psalm 33:6, 8 (1936)

Dr PW Bingle (Emeritus)

